
6.

## Kom ons skryf

Watter klanke is in die woorde weggelaat? Skryf die klanke in die spasie.

| | |
|---|---|
| vr | Ons moet ook ____ywillige werk doen in ons gemeenskap. |
| skr | Elke vierde jaar is 'n ____ikkeljaar.<br>Dit beteken daar is 366 dae in plaas van 365 in die jaar. |
| spr | As jy vir iemand werk, moet jy<br>____ankel in jou take. |


| | |
|---|---|
| str<br>ld | Ons moet daarna ___eef om goeie diens te lewer, en swak diens moet nie gedu___ word nie. |
| lf, lk | As ons se___sugtig lewe, maak dit ons vo___ armer. |

**7.** Kom ons vergelyk

Trek 'n lyn van die woord na die regte prentjie.

| |
|---|
| kolf |
| strykyster |
| skropborsel |
| skild |
| gholfbal |
| melk |
| slak |












8.

## Kom ons soek

Soek hierdie woorde in die vierkant. Trek 'n sirkel om elkeen wat jy kry.

sprokie skroef struik

melk wolf beeld

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| s | k | r | o | e | f | d |
| p | s | h | j | k | l | s |
| r | t | w | o | l | f | b |
| o | r | f | g | r | U | e |
| k | u | m | e | l | K | e |
| I | i | p | t | w | b | l |
| e | k | a | e | u | I | d |





9.

## Woordeskat

| | | | |
|---|---|---|---|
| vark | veld | skrif | wolk |
| skreeu | elf | sprong | tolk |
| sprake | balk | streek | balk |
| streef | vrugte | speld | kalk |

10.




## Vir die pret

Lees die volgende paragraaf.

My naam is Grietjie. Ek werk in 'n fabriek in Upington. Ek is baie bly ek woon in Suid-Afrika. Ek woon ook naby 'n kliniek, en elke dag ry ek met 'n taxi om by die werk te kom. My man werk by die huis. Hy maak tuin, hou die huis skoon, help die kinders met huiswerk en probeer om los werkies in die buurt te kry. Party aande woon ons gemeenskapvergaderings by. Ons praat oor dinge soos hoe om geweld te bekamp en hoe om mense te help om werk te kry.

Skryf jou eie paragraaf in vier tot vyf sinne oor jou eie lewe.

Skryf 'n sin oor elk van die prente.

1



2



3




4




1 ______________________________________________

______________________________________________

2 ______________________________________________

______________________________________________

3 ______________________________________________

______________________________________________

4 ______________________________________________

______________________________________________

Einde van les 3.5

# TEMA 4
## Leef gesond



# Oupa Arendse kry 'n inspuiting






Kyk na die prentjies en gesels met mekaar daaroor.

## 1. Kom ons lees

Oupa, jy moet kalm bly. Die inspuiting sal jou help, en daar is nie nagevolge nie. Ek trek jou broek net so effens af sodat ek jou kan inspuit in jou boud. Binne omtrent tien minute sal die pyn beter word.

2.



## Kom ons soek

Lees die sinne hardop, en trek 'n sirkel om al die klanke wat dieselfde is as die klanke in die linkerkolom.

| | |
|---|---|
| lm | Oupa, jy moet kalm bly. |
| lp, lg | Die inspuiting sal jou help, en daar is nie nagevolge nie. |
| mp, nd | Trek net jou hempsmou op, en gee my jou hand. |
| nt, rd | Binne omtrent tien minute sal die pyn beter word. |
| lm, nt | Oupa, as jy kalm bly sal die pyn binne tien minute beter wees. |

3.




## Kom ons skryf

Breek die woorde op deur strepe tussen die lettergrepe te trek.

| | | |
|---|---|---|
| Voorbeeld<br>ka/lm | inspuiting | nagevolge |
| hempsmou | omtrent | minute |




## 4. Skryf – woordorde

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

man ou siek is die

_______________________________

hou van dokter ek die

_______________________________

siek ek voel

_______________________________



## 5. Kom ons lees

| | |
|---|---|
| Dokter Amina: | Mnr. Arendse, jy het 'n hoë temperatuur, en jy het griep. |
| Mnr. Arendse: | Ja dokter, ek voel baie warm en ek voel nie goed nie. |
| Dokter Amina: | Ek gaan vir jou pille gee om by die huis te drink. Jy moet die instruksies op die dosie noukeurig navolg. |
| Mnr. Arendse: | Dankie dokter, ek sal. Ek weet ek moet alles drink. |
| Dokter Amina: | Goed, nou moet ek jou 'n inspuiting gee. |
| Mnr. Arendse: | Nee, nee, doktertjie, ek haat inspuitings. |
| Dokter Amina: | Ek weet meeste mense hou nie van inspuitings nie. Trek asseblief jou broek effens af. Ek moet die inspuiting in jou boud gee. |
| Mnr. Arendse : | Doktertjie, jy wil hê ek moet my broek uittrek voor jou, 'n jong vrou. Nee, nooit gesien nie! |

6.

## Rolspel

Rolspeel die bostaande toneel.



7.

## Kom ons skryf

Bespreek die volgende sinne met jou maat en maak 'n regmerkie om te sê of elke sin waar (ja) of onwaar (nee) is, soos in die voorbeeld.

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Mnr. Arendse het die dokter besoek. | ✓ | |
| Mnr. Arendse het 'n hoë temperatuur. | | |
| Die dokter se naam is Sannie. | | |
| Mnr. Arendse wil graag 'n inspuiting hê. | | |
| Die dokter is 'n ou man. | | |

8.

## Kom ons gesels

Vertel vir jou maat wat met jou gebeur het toe jy laas siek was, en toe jy 'n dokter moes besoek, of toe jy na die kliniek moes gaan.

9.


## Kom ons skryf

Skryf 'n paar sinne oor jou ervaringe by die dokter of kliniek.

10. fun fun fun


## Vir die pret

Kyk na die volgende padtekens en kyk of jy dit kan benoem. Praat in jou groep oor waar mens elkeen vind.




Einde van les 4.1

# Oupa Arendse gaan byna dood






1. Kom ons lees

Ons durf nie die instruksies op die dosie verontagsaam nie. Dit verg werklik aandag om nie 'n klomp pille met een slag te drink nie.
Ons behoort te sorg dat ons die instruksies goed verstaan.



2. Kom ons soek

Lees die sinne hardop, en trek 'n sirkel om al die klanke wat dieselfde is as die klanke in die linkerkolom.

| | |
|---|---|
| rf | Ons durf nie die instruksies op die pilledosie verontagsaam nie. |
| rg, rk, rm | Dit verg werklik aandag om nie 'n klomp pille met een slag te drink nie. |
| rs | Ons behoort te sorg dat ons die instruksies goed verstaan. |
| rt, ts | 'n Mens behoort nie sommer vir enigiets pille te drink nie. |




3. Kom ons skryf

Breek die woorde op deur strepe tussen die lettergrepe te trek.

| | | |
|---|---|---|
| do/sie | instruksies | verontagsaam |
| werklik | aandag | behoort |

## 4. Skryf – woordorde

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

moet ek pille drink my

---

instruksies medisyne- die lees

---

siek ek nie te daarvan hou nie wees om

---

---

## 5. Kom ons lees









6\.

## Rolspel

Rolspeel die bostaande toneel.

7\.

Khari gudi

## Kom ons skryf


Bespreek die volgende sinne met jou maat en maak 'n regmerkie om te sê of elke sin waar (ja) of onwaar (nee) is, soos in die voorbeeld.

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Mnr. Arendse het een pil gedrink. | | ✓ |
| Grietjie het vir mnr. Arendse gesê hy moet nie al die pille met een slag drink nie. | | |
| Grietjie is 'n man. | | |
| Grietjie het die instruksies gelees. | | |
| Mnr. Arendse is siek. | | |

8. 

## Kom ons gesels

Vertel jou maat wat die instruksies beteken.




9. 

## Kom ons pas

Skryf langs elke letter 'n naam wat met die letter begin.

| | | | |
|---|---|---|---|
| A | Andries | N | |
| B | | O | |
| C | | P | |
| D | | Q | |
| E | | R | |
| F | | S | |
| G | | T | |
| H | | U | |
| I | | V | |
| J | | W | |
| K | | X | |
| L | | Y | |
| M | | Z | |


fun fun fun

10.

## Vir die pret


Kyk na die kaart. Soek die kliniek, die hospitaal en ander plekke op die kaart. Gee jou maat aanwysings na en van verskillende plekke. Gebruik woorde soos "draai regs", "draai links" en "hou reguit aan".

Vind jou pad van jou huis af na vyf verskillende plekke op hierdie kaart. Trek die roete eers met jou vinger, en dan met 'n potlood.




Einde van les 4.2

# Ek besoek die kliniek as ek siek is




## 1. Kom ons lees

As jy dink jy verwag, moet jy die kliniek besoek vir 'n swangerskaptoets en nie teenstribbel nie. As 'n mens vermoed dat jy MIV-positief is, moet jy onmiddellik getoets word. Alhoewel knoffel en uie goed is vir 'n mens, is dit nie 'n geneesmidel vir vigs nie. Mense wat swanger is, sukkel dikwels soggens met naarheid. Hulle sukkel ook dikwels met moegheid. Die pille wat MIV-positiewe mense drink, moet gereeld geneem word. 'n Mens is geneig om jammer te voel vir mense wat MIV-positief is, maar hulle moet gehelp word om hulleself te help.



2.

## Kom ons soek

Lees die sinne hardop, en trek 'n sirkel om al die klanke wat dieselfde is as die klanke in die linkerkolom.

| | |
|---|---|
| bb | As jy dink jy verwag, moet jy die kliniek besoek vir 'n swangerskaptoets en nie teenstribbel nie. |
| dd | As 'n mens vermoed dat jy MIV-positief is, moet jy onmiddellik getoets word. |
| ff | Alhoewel knoffel en uie goed is vir 'n mens, is dit nie 'n geneesmidel vir vigs nie. |
| gg | Mense wat swanger is, sukkel dikwels soggens met naarheid. |
| kk | Hulle sukkel ook dikwels met moegheid. |
| ll | Die pille wat MIV-positiewe mense drink, moet gereeld geneem word. |
| mm | 'n Mens is geneig om jammer te voel vir mense wat MIV-positief is, maar hulle moet gehelp word om hulleself te help. |




3.

## Kom ons skryf

Breek die woorde op deur strepe tussen die lettergrepe te trek.

| | | |
|---|---|---|
| teen/strib/bel | gehelp | moegheid |
| onmiddellik | dikwels | kliniek |

## 4. Skryf – woordorde

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

gegaan het ek vir toets MIV- 'n

---

is nie verwagtend ek nie

---

moegheid sukkel dikwels hulle met ook

---

## 5. Kom ons lees















6. 

## Kom ons gesels

Bestudeer die prentjies hierbo en gesels oor wat die dokter of die verpleegster sê.

7. 


## Kom ons skryf

Bespreek die volgende sinne met jou maat en maak 'n regmerkie om te sê of elke sin waar (ja) of onwaar (nee) is.

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Ons kan by die kliniek getoets word vir TB en om te sien of ons MIV-positief is. | | |
| Kondome verhoed vigs. | | |
| Ons moet ons ARV-pille elke dag op dieselfde tyd drink. | | |
| Jy kan vigs kry deur kos te eet. | | |
| Ons moet goed omsien na mense wat MIV-positief is. | | |




## 8. Kom ons gesels

Bespreek hoe ons na mense moet omsien wat siek is.



## 9. Kom ons soek.

Soek die telefoonnommers van die volgende mense.






**LESAAR PANEELKLOPPERS: Wllnd Sentrum**
**Bavnsprt Str, Elynne ______ 012 800 1406**
**______ 012 800 4963**
**Faks ______ 012 800 1406**

**LESEKA RT Vilgrs Laan 48, Eerstrst ____ 012 806 5491**
**LESSING AJ TallowEd Laan 10, Hwlrd____ 012 656 9136**
**LETUKA M Kesir Laan 114, Brmmria_____ 012 804 87 84**
**LEWIS WJ Orion Laan 382, Wtrklf _______ 012 347 1556**


| Naam | Nommer |
|---|---|
| LESAAR PANEELKLOPPERS | |
| LESEKA RT | |
| LESSING AJ | |
| LETUKA M | |

10. fun fun fun

## Vir die pret

Praat met jou maat oor hoe 'n baba tydens swangerskap groei.

## Die fetus se groei en ontwikkeling




Einde van les 4.3

# Gesonde mense eet groente



1. Kom ons lees

Elke druppel kennis oor gesond eet help ons om gesond te bly. Meeste van ons moet onderrig word oor die gifstowwe wat in ons liggame versprei as ons MIV-positief is, en oor hoe groente ons kan help. Daar is 'n massa mense wat nog nie weet van gesond eet nie. Dit bly bitter moeilik vir iemand wat aan vigs ly.



2.

## Kom ons soek

Lees die sinne hardop en trek 'n sirkel om al die klanke wat dieselfde is as die klanke in die linkerkolom

| | |
|---|---|
| pp, nn | Elke druppel kennis oor gesond eet help ons om gesond te bly. |
| rr, ww | Meeste van ons moet onderrig word oor die gifstowwe wat in ons liggame versprei as ons MIV-positief is, en oor hoe groente ons kan help. |
| ss | Daar is 'n massa mense wat nog nie weet van gesond eet nie. |
| tt | Dit bly bitter moeilik vir iemand wat aan vigs ly. |




3.

## Kom ons skryf

Breek die woorde op deur strepe tussen die lettergrepe te trek.

| | | |
|---|---|---|
| el/ke | gesonde | positief |
| groente | onderrig | bitter |



## 4. Skryf – woordorde

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

boontjies hou van ek

______________________________

tamaties plant ek

______________________________

verkoop groente ek

______________________________

## 5. Kom ons lees



Gedurende die somermaande verkoop Grietjie blomme, vrugte en groente by haar stalletjie. Ons sien haar by die mark besig om haar kleurvolle blomme en vrugte te verkoop.



Grietjie ry na haar stalletjie toe in 'n bakkie wat sy en 'n paar ander stalletjie-eienaars huur om hulle goedere te vervoer. Dit is vroeg in die oggend, want sy moet reg wees as die werksdag begin om haar blomme, vrugte en groente aan mense te verkoop.



Grietjie werk om haar stalletjie reg te kry vir die dag se besigheid. Sy is besig om haar blomme, vrugte en groente uit te pak.

Baie getroue klante koop gereeld by Grietjie. Sy verkoop al jare lank blomme, vrugte en groente. Grietjie is gelukkig en sy lag en gesels met haar kliënte. Sy is bly, want haar besigheid maak dit vir haar moontlik om vir haar familie te sorg.





Dit is die einde van nog 'n dag. Grietjie is bly en dankbaar dat sy weereens nog 'n dag blomme, vrugte en groente kon verkoop.



6.



## Kom ons gesels

Groente is ook baie belangrik vir mense wat aan vigs ly. Gesels oor hoe gemeenskappe meer groente en vrugte kan kweek sodat almal gesond kan eet.



## Kom ons skryf


Bespreek die volgende sinne met jou maat en maak 'n regmerkie om te sê of elke sin waar (ja) of onwaar (nee) is.

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Grietjie koop blomme, groente en vrugte by die mark. | | |
| Sy werk elke dag behalwe Saterdae en Sondae. | | |
| Haar werksdag begin vroeg. | | |
| Sy het baie mense om haar te help in die stalletjie. | | |
| Grietjie kry nie baie klante nie, en sy voel maar ongelukkig. | | |



## Kom ons gesels

Bestudeer die volgende skets and gesels oor hoeveel verskillende kossoorte ons elke dag behoort te eet.





**Suiwel**

melk
jogurt
kaas

**Vrugte**

appels
lemoene
druiwe
nartjies
pere




9. Kom ons skryf

Sit die kommas in die volgende sinne.

Voorbeeld

Ek het brood, botter, melk en eiers gekoop.

Ek kweek tamaties uie boontjies en aartappels in my groentetuin.

Grietjie verkoop blomme soos rose angeliere tulpe en waterblommetjies.





## 10. Vir die pret

Kyk na die items hieronder.
Lees die stafiekode-prys vir elke item, en soek die pryse op die kasregister-strokie.



Kyk mooi na hierdie kasregister-strokie. Jy sal sien dat dit baie inligting bevat.


MONUMENT PARK
SUPERSPAR
Vat No: 4040116644
Tel No: 460-8161
TAX INVOICE

| | |
|---|---|
| SLTI WHT SGR 1KG | R5.59 |
| KELOGS CHOCO CRN | R19.49 |
| LUX WHITE | R2.99 |
| BLOSSOM 500G | R6.89 |
| B/CAT P/BTR SMTH | |
| *BCAT P/BTR SMTH | R7.99 |
| SNLGHT FBRIC CLA | R16.99 |
| SURF C/BRITE REG | R19.39 |
| AJAX D/W LIME | R10.99 |
| COLGATE TOTAL TP | R6.99 |
| EXCELLA S/FLOWER | R7.99 |
| F/ROSES T/L T/B | R15.99 |
| S/SUN S/MAIZE | R16.85 |
| CLOVER F/CRM MLK | R6.65 |
| PACKAGING | |
| 2 @ R0.21 | R0.42 |
| 15 BAL DUE | R145.21 |
| ROUNDING | R0.01 |
| CASH | R200.00 |
| CHANGE | R54.80 |
| SUB TOTAL | R131.24 |
| TOTAL TAX | R13.97 |
| TOTAL | R145.21 |

CASHIER NAME: NICOLIN
C0026 #0374 19:20:59 18JUL2004
R004




Die naam van die winkel

Die prys van die items

Hoe laat jy vir die goedere betaal het

Die datum

Die totale bedrag wat jy betaal het

Die kleingeld wat jy gekry het

Einde van les 4.4

Les 4.5

# Dis ons reg om in 'n gesonde omgewing te leef




1. Kom ons lees

Ons moet bedagsaam wees en gereeld aandag gee aan die toestand van die omgewing. Derhalwe moet ons herken wanneer mense die omgewing besoedel en met die natuur mors. Ons moet nie verbaas wees as mense siek word van besoedelde riviere en boorgatwater nie. Die besoedeling is nie 'n skielike verskynsel nie; ons is al lank besig om die natuur te verniel.

## 2. Kom ons soek

Lees die sinne hardop, en trek 'n sirkel om al die klanke wat dieselfde is as die klanke in die linkerkolom.

| | |
|---|---|
| be, ge | Ons moet bedagsaam wees en gereeld aandag gee aan die toestand van die omgewing. |
| der, her | Derhalwe moet ons herken wanneer mense die omgewing besoedel en met die natuur mors. |
| ver | Ons moet nie verbaas wees as mense siek word van besoedelde riviere en boorgatwater nie. |
| sk | Die besoedeling is nie 'n skielike verskynsel nie; ons is al lank besig om die natuur te verniel. |

## 3. Kom ons skryf

Breek die woorde op deur strepe tussen die lettergrepe te trek.

| | | |
|---|---|---|
| ge/reeld | derhalwe | verbaas |
| bedagsaam | herken | skielike |

## 4. Skryf – woordorde

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

bome baie behoort plant te ons

riviere beskerm besoedeling teen ons moet alle

## 5. Kom ons lees

Soos 'n koerantartikel

# Die groot skoonmaak



Tydens die laaste gemeenskapsvergadering het ons besluit om ons omgewing skoon te maak.

- Die vrouegroep het gesê hulle sal groente by die skool begin kweek.
- Die skool het gesê hulle sal die kinders kry om die rommel in die strate te verwyder.
- Die wykskomitee het besluit om die rivier skoon te maak, en om die rommel van die oewer te verwyder.
- Elke persoon het 'n taak en 'n verpligting
- 'n Skoon omgewing is 'n gesonde omgewing.

## 6. Kom ons skryf

Bespreek die volgende sinne met jou maat en maak 'n regmerkie om te sê of elke sin waar (ja) of onwaar (nee) is, soos in die voorbeeld.

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Die vrouegroep sal groente kweek. | | |
| Die wykskomitee sal die skool verf. | | |
| Die kinders sal die strate skoon hou. | | |
| Skooldogters sal toilette bou. | | |
| Die wykskomitee sal die rivier skoon hou. | | |

Leef gesond

7. 

## Kom ons gesels

Het julle rommel en gemors in julle omgewing? Bestudeer die prente aan die die begin van hierde les. Gesels met jou maat en sê wat julle dink gedoen kan word om die omgewing skoon te maak.

8. 


## Kom ons skryf

Ons gebruik hoofletters vir die name van mense, dae van die week, verskillende maande en plekname. Skryf die woorde wat jy dink met 'n hoofletter moet begin.

| | |
|---|---|
| bone | |
| maandag | |
| pretoria | |
| jacobs | |
| julie | |
| pen | |

9. 


## Kom ons skryf

Maak 'n lys van al die dinge wat jou gemeenskap kan doen om die omgewing skoon te maak en skoon te hou.

fun fun fun

## 10. Vir die pret

Skryf 'n sin oor elk van die prente.




1 ______________________________

2 ______________________________

3 ______________________________

4 ______________________________

Einde van les 4.5

# TEMA 5

## Ons werksomgewing



Les 5.1

# Ons werk













1\. Kom ons gesels

- Watter tipe werk word in elke prentjie gedoen?
- Vir wie werk hierdie mense?
- Watter tipe werk doen die mense in jou gemeenskap?



## 2. Kom ons lees

Andries en sy vrou Liesbet het hulle eie snoepwinkel. Hulle verkoop vrugtesappe, koekies en Coke. Elke oggend bak Liesbet koekies. Die winkel is altyd netjies en skoon. Elke dag kom hul gereelde klante die vars koekies koop.



## 3. Kom ons soek

Lees hierdie sinne hardop en trek 'n sirkel om die woorde wat aangewys word in die kolom aan die linkerkant.

| | |
|---|---|
| woon/dorp | Ons woon in die dorp. |
| voel/snoepwinkel/goed | Andries en Liesbet voel hulle snoepwinkel vaar goed. |
| verkoop/ook | Hulle verkoop ook vrugtesappe en Coke. |
| oggend/koekies | Elke oggend bak Liesbet koekies. |
| skoon/netjies | Hulle winkel is altyd skoon en netjies. |
| wakker/vars | Wanneer Liesbet wakker word, bak sy vars koekies. |
| klante/gereelde | Hulle gereelde klante koop hulle koekies. |

## 4. Kom ons skryf

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

Coke koekies van hou en ek

plaas werk 'n loon op ek vir 'n

werk hy 'n in fabriek

## 5. Kom ons lees




**Anna**

Ek werk in 'n kantoor. Ek beantwoord die telefoon en werk op 'n rekenaar. Ek moet ook fakse uitstuur. My werksdag is gewoonlik lank. Ek het by die Thusong-sentrum geleer hoe om 'n rekenaar te gebruik.



## Koos

Ek werk vir 'n boer. Ek werk net in die somermaande. Gedurende die winter is daar nie werk nie. Dan verkoop ek maar vuurmaakhout om aan die lewe te bly. Miskien moet ek die Thusongsentrum besoek om te sien of ek werk kan kry.



## Dawid

Ek is 'n sanger in 'n orkes. Ek werk saans en dan slaap ek bedags. Ek verdien genoeg geld om my gesin te onderhou.



## Martha

Ek werk vir myself. Ek verkoop kos by die taxi-staanplek. Daar is altyd kos oor vir my gesin. Gedurende die somermaande is dit baie warm in die son.

6.



## Kom ons gesels

Lees weer wat elke persoon in aktiwiteit 5 doen en bespreek dan die volgende vrae.

- Hoe verdien elke persoon sy of haar geld?
- Wie werk vir iemand, en wie werk nie vir iemand anders nie?
- Watter probleme het hulle by hulle werk?

7.




## Kom ons skryf

Bespreek hierdie sinne met jou maat, en maak 'n regmerkie (✓) om te sê of elke sin waar (ja) of onwaar (nee) is. .

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Martha gebruik 'n rekenaar by haar werk. | | |
| Dawid gebruik 'n trekker in sy werk. | | |
| Koos is 'n plaaswerker. | | |
| Sommige tipes werk word deur die seisoene beïnvloed. | | |
| Party mense werk snags. | | |
| Anna het by die Thusong-sentrum geleer hoe om 'n rekenaar te gebruik. | | |

8.



## Kom ons gesels

- Wanneer is dit vir ons nodig om vorms in te vul?
- Watter tipe inligting word gewoonlik gevra?

9.




## Kom ons skryf

Vul hierdie vorm in.

Voornaam:

Van:

ID-nommer:

Adres:

Poskode:

Telefoon (h):

Telefoon (w):

Handtekening:



Dit is baie moeilik om werk te kry. As jy werk het, dan moet jy sorg dat jy geregistreer is vir die Werkloosheidversekeringsfonds (WVF). Jy kan dan hulp kry as jy jou werk verloor of as jy siek word. As jy sou sterf, dan sal die WVF jou gesin help. Die WVF sal ook jou salaris betaal vir jou kraamverlof.



Jy kan 'n Arbeidsentrum besoek om 'n werk te probeer kry. Die Arbeidsentrum kan ook mense help om 'n klein besigheid te begin. As jy in 'n landelike gebied woon wat ver van 'n Arbeidsentrum is, moet jy op die uitkyk wees na die Mobiele Abeidsentrum. Hulle kan jou met enige werksaangeleentheid help.




## Vir die pret

Kyk na die volgende horlosies en kyk watter van hulle pas by watter digitale horlosies. Skryf die tyd in die spasies wat voorsien is, soos in die voorbeeld.

Nege-uur









































Einde van les 5.1

# Ek werk vir myself






## 1. Kom ons gesels

- Watter tipe werk doen die mense in die prentjies?
- Vir wie werk hierdie mense?
- Ken jy mense wat vir hulleself werk? Vertel vir mekaar wat hulle doen.

## 2. Kom ons lees

Elke dag doen ek haarvlegsels. Ek werk onder 'n groot boom langs die pad. Mense betaal my kontant vir my werk. Ek kan na donker werk as ek 'n sterk lig het, maar ek kan nie werk as dit reën nie.




## Kom ons soek

Lees hierdie sinne hardop en trek 'n sirkel om die woorde wat aangewys word in die kolom aan die linkerkant.

| | |
|---|---|
| haarvlegsels/haar/maar | Ek doen haar haarvlegsels, maar sy betaal te min. |
| boom/groot/voor | Ek werk onder die groot boom voor die poskantoor. |
| lig/donker/skerp | As ek 'n skerp lig het, kan ek na donker werk. |
| reën/pla | As dit reën pla dit my, want ek kan nie werk nie. |
| groet/ontmoet | As ons mekaar in die straat ontmoet, groet ons mekaar. |
| weet/wys/traag | Ek weet ek is traag om my kuns vir iemand te wys. |
| pyn/leiding | As ek my pyn wil verlig, moet ek self die leiding neem. |
| wakker/tee/koek | As hy wakker word, sal ek vir hom tee en koek gee. |




## Kom ons skryf

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

hy pyn ervaar weer


_______________________________________________

verkoop kraalborduur werk ek my

betaal my vandag moet hy

5. Kom ons lees

## Tembeka se lewende kraalborduurwerk



'n Aantal jare gelede het Tembeka Nkamba-van Wyk twee vroue gesien wat vetkoek in die straat verkoop. Sy het hulle gevra of hulle ook iets anders maak. Een vrou het gesê, "Ek doen ook kraalborduurwerk, maar ek het nie genoeg geld om krale te koop nie. "Sy gee toe vir die vrou R200 en vra haar om iets te maak wat sy kan verkoop.

Die volgende dag was die vroue terug. Hulle het 'n baie mooi pop gemaak. Toe kry Tembeka gou baie bestellings vir hierdie tipe kraalborduurwerk. Tembeka het toe 'n besigheid begin met die naam Talking Beads.

Sy het vroue opgelei om handwerkitems te maak en dit te verkoop. Die vroue was baie bly want hulle kon nou van hulle huise af werk. Die vroue het baie daarvan gehou om in groepe te werk.

Vandag voer baie vrouens 'n bestaan uit kraalborduurwerk. Terwyl hulle werk, leer Tembeka die vrouens ook oor MIV/vigs. Sy weet 'n goeie sakevrou moet omgee vir haar werkers.







## 6. Kom ons gesels



- Watter tipe besigheid het Tembeka begin?
- Wat word deur hierdie besigheid verkoop?
- Wie werk vir hierdie besigheid?

## 7. Kom ons skryf




Bespreek hierdie sinne met jou maat, en maak 'n regmerkie (✓) om te sê of elke sin waar (ja) of onwaar (nee) is.

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Tembeka het Talking Beads begin. | | |
| Sy werk alleen. | | |
| Sy het duisende vroue in haar diens. | | |
| Thembeka gee om vir die vroue. | | |
| Die vroue hou baie daarvan om vir Talking Beads te werk. | | |
| Tembeka lig die vroue in oor MIV/vigs. | | |

## 8. Kom ons gesels



- Ken jy iemand wat 'n suksesvolle besigheid begin het?
- Indien wel, vertel jou groep daarvan.
- Watter soort werk doen hulle?
- Hoeveel geld verdien hulle?

9.

Khari gudi

## Kom ons skryf

Skryf 5 sinne oor mense wat vir hulleself werk. Watter tipe werk doen hulle? Hoeveel geld verdien hulle?

fun fun fun

10.

## Vir die pret

Neem 'n telefoonboodskap

Rolspeel 'n telefoonoproep met jou maat, en skryf dan 'n boodskap op die korrekte plekke in die boodskapboek.


# Boodskapboek

Boodskap vir: ______________________

**Boodskap van:**

Naam: ______________________

Van: ______________________

Telefoonnommer: ______________________

Tyd: ______________________

Datum: ______________________

Boodskap: ______________________

______________________


______________________

Boodskap geneem deur: ______________________

Handtekening: ______________________

Einde van les 5.2

# Ons soek werk






## 1. Kom ons gesels

- Wat se werksvaardighede het jy?
- Het jy al ooit om 'n werk aansoek gedoen?
- Indien wel, vertel die groep van jou ervarings.



## 2. Kom ons lees

Ek het in die koerant gelees van 'n werk wat beskikbaar is. Nadat ek 'n aansoekbrief gestuur het, het ek gegaan vir 'n onderhoud. Ek was skoon en netjies. Ek het betyds opgedaag. Ek het seker gemaak dat ek my ID by my het.




## Kom ons soek

Lees hierdie sinne hardop en trek 'n sirkel om die woorde wat aangewys word in die kolom aan die linkerkant.

| | |
|---|---|
| angstig/kragtig | Ek was angstig in die onderhoud omdat die man se stem so kragtig was. |
| aansoekbrief/raad | Ek het by 'n vriend raad gevra oor hoe om 'n aansoekbrief te skryf. |
| verg/regte | Dit verg beplanning om op die regte tyd by die onderhoud op te daag. |
| vandag/salaris | My salaris moet vandag betaal word. |
| ervaring/egter | Ek het egter ervaring as 'n kelner. |
| rook/koolstoof | My man rook soos 'n ou koolstoof. |
| leeu/sneeu | Daar is 'n dier soos 'n sneeuluiperd maar nie 'n sneeuleeu nie. |




## Kom ons skryf

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

werk soek ek gaan

_______________________________________________

verkoop Coke ek vrugtesap en

_______________________________________________

werk snags ek

_______________________________________________

5. Kom ons lees

Lees die volgende advertensies oor beskikbare werk.




**VRAGMOTORBESTUURDER BENODIG IN KIMBERLEY.**

Moet beskik oor ’n geldige rybewys. Moet kan lees en skryf. **Stuur aansoeke voor 17 September.**

**KELNER BENODIG IN KAAPSTAD.**

Vorige ervaring noodsaaklik. Moet kan lees en skryf. **Bel voor 12 Junie om** ’n **onderhoud te reël.**

**HUISHULP BENODIG IN DURBAN.**

Versorg eenjarige kind. Kwalifikasies: Vrou met ervaring in kindersorg. **Kontak: Mev. Naidoo, tel: 031 34 5678**

**KASSIER BENODIG.**

Supermarkervaring noodsaaklik. SUPER STORE in Rustenburg. **Voltooi aansoekvorms beskikbaar by SUPER STORE voor 3 Junie.**

**KLEUTERSKOOL ASSISTENT BENODIG IN NELSPRUIT.**

Is jy lief vir kinders? Kan jy lees en skryf? **Indien wel, bel asseblief vir Martie by die BUSY BEE-kleuterskool. Nelspruit, tel: 013 34 5678**

6. 

## Kom ons gesels

- Watter tipe werk word geadverteer?
- Watter tipe ervaring is nodig vir elke tipe werk?
- Hoe kan 'n persoon om elke vakature aansoek doen?

7. 


## Kom ons skryf

Kies een van die beskikbare betrekkings, en beantwoord die volgende vrae:

Watter tipe werk word geadverteer?

_______________________________________________

Waar is die werk beskikbaar?

_______________________________________________

_______________________________________________

Watter tipe ervaring word benodig?

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

8. 

## Kom ons gesels

- Voer 'n onderhoud met jou maat oor een van die vakatures.

9.



## Kom ons skryf

Vul hierdie vorm in. Dit staan bekend as 'n CV. 'n CV bevat inligting oor 'n persoon se vaardighede en ervaring.

Curriculum Vitae (CV)

| |
|---|
| |
| Van |
| Voornaam |
| Telefoonnommer |
| Adres |
| |
| Ouderdom |
| Geboortedatum |
| Geslag ☐ Manlik ☐ Vroulik |
| Tale wat u praat |
| ID-nommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ |
| |
| Die tipes werk wat u kan doen |
| Die vaardighede waaroor u beskik |
| |
| Stokperdjies/belangstellings |
| |
| Naam van referent |
| Telefoonnommer van referent |

10. fun fun fun

## Vir die pret



Wat het Johan in sy onderhoud verkeerd gedoen?

Einde van les 5.3

# Geldinsameling



## 1. Kom ons gesels

- Behoort jy aan 'n geldinsamelingskomitee of stokvelgroep?
- Waarvoor samel julle geld in?
- Hoe dikwels vergader julle?
- Hoeveel lede is daar in die groep?

## 2. Kom ons lees

Ons komitee sien om na bejaardes. Ons moet geld insamel sodat ons vir die bejaardes kan sorg.



## 3. Kom ons soek

Lees hierdie sinne hardop en trek 'n sirkel om die woorde wat aangewys word in die kolom aan die linkerkant.

| | |
|---|---|
| komitee/orgidee | Die komitee het besluit dat die rooi orgidee die wenner is. |
| perd/stert | 'n Perd gebruik sy stert om insekte weg te hou. |
| ou/vrou | Die ou vrou se kinders sorg goed vir haar. |
| grimering/kostumering | Grimering en kostumering is twee belangrike aspekte van toneelspel. |
| gee/meer | Ons moet almal meer gee aan die gemeenskap. |




## 4. Kom ons skryf

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

geld ons insamel moet

moeilik mense vra geld is dit soms te vir om

gemeenskappe baie mense ou het nood groot met

## 5. Kom ons lees

Die geldinsamelingskomitee vergader een keer per maand. Daar is baie bejaardes in hulle gemeenskap wat behoeftig is, en hulle moet versorg word. Daar is drie tuisversorgers wat die bejaardes versorg en hulle help as hulle alleen is. As hulle siek is, word die bejaardes na die kliniek geneem.

Die komitee samel geld in om te betaal vir die voedsel en vir die tuisversorgers.



Komiteereëls:

- Ons vergader een keer per maand.
- Elke huishouding moet R10 per maand bydra.
- 'n Kwitansie word uitgereik vir alle geld wat ingesamel word.
- Elke persoon kry 'n beurt om die geld in die bank te deponeer.
- Die voorsitter beheer die bankboekie.

Wanneer geld ingesamel word, moet daar geskrewe reëls wees om te verhoed dat die geld deur iemand gesteel word.

## 6. Kom ons gesels

- Behoort jy aan 'n groep wat geld moet bestuur?
- Vertel vir mekaar van die probleme wat julle ervaar of wat jy dink so 'n groep kan ondervind.




7\.

## Kom ons skryf

Bespreek hierdie sinne met jou maat, en maak 'n regmerkie (✓) om te sê of elke sin waar (ja) of onwaar (nee) is.

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Die komitee vorder geld in vir bejaardes. | | |
| Hulle vergader elke twee weke. | | |
| Hulle vorder R100 per huishouding in. | | |
| Die geld word onder die bed gehou. | | |
| Die komitee het reëls. | | |



8\.

## Kom ons gesels

- Watter soort rekords hou julle vir julle vergaderings?
- Hou julle 'n rekord van wie die vergaderings bywoon?
- Gee julle kwitansies aan mense wat betaal?

9.

## Kom ons skryf

Vul hierdie kwitansie vir die Bejaardesorgklub in.

**BEJAARDESORGKLUB**

K W I T A N S I E

Ontvang R

Van

Datum

Vir

Handtekening

Skryf nou twee sinne om te verduidelik aan wie die kwitansie gegee word, en waarom dit gegee word.

10. fun fun fun

## Vir die pret

Lees en bespreek Aalwyn se betaalstaat.

# SUPER-BAKKERY

## BETAALSTAAT

**Naam:** Aalwyn Fortuin **Personeelnommer:** 203

**Pos:** Drywer **Datum:** 30 November 2008

| **Verdienste** | | | **Aftrekkings** |
|---|---|---|---|
| Basiese salaris | R3 120.00 | Belasting betaal<br>Voorsorgfonds<br>WVF<br>Mediese Fonds | R1104.00<br>R210.00<br>R31.20<br>R100.80 |
| Oortyd 18 uur | R2 160.00 | | |
| | | Totale aftrekkings | R1446.00 |
| **Maand tot op datum** | | | |
| Bruto salaris<br>Totale aftrekkings<br>Netto salaris | R5 280.00<br>R1 446.00<br>R3 834.00 | | |
| | | **Netto salaris** | **R3834.00** |

Einde van les 5.4

# Geldsake










## 1. Kom ons gesels

- Wat gebeur in hierdie prentjies?
- Het jy 'n bankrekening?
- Hoekom is dit goed om 'n bankrekening te hê?
- Was jy al ooit by 'n matsjonisa of woekeraar?



2.

## Kom ons lees

My ma se pensioen word in haar bankrekening inbetaal. Aan die begin van elke maand gaan haal sy haar geld. Ek spaar my geld in die bank, omdat dit veilig is. Ek is so bly ek kan lees, want ek kan die bankvorms invul, en ek kan die Outomatiese Tellermasjien (OTM) gebruik.



3.

## Kom ons soek

Lees hierdie sinne hardop en trek 'n sirkel om die woorde wat aangewys word in die kolom aan die linkerkant.

| | |
|---|---|
| pensioen/inbetaal | My ouma se pensioen word in haar bankrekening inbetaal. |
| begroot | Elke persoon moet begroot, dan weet jy hoe om jou geld te spandeer. |
| spaar/veilig | Jy kan jou geld veilig by die bank spaar. |
| PIN/OTM | Ek gebruik 'n PIN by die OTM. |
| leen | Jy kan geld by 'n bank leen. |
| rekening | Ek het 'n rekening by die bank oopgemaak. |
| handtekening | Ek kan nou my eie handtekening maak. |

## 4. Kom ons skryf

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

bank ek moet gaan toe

_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

bankkaart ek nou het 'n

_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _


geld my is by huis gesteel my

_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

## 5. Kom ons lees






## 6. Rolspel

Vertolk die bostaande dialoog in 'n rolspel.



7.

## Kom ons skryf

Bespreek hierdie sinne met jou maat, en maak 'n regmerkie (✓) om te sê of elke sin waar (ja) of onwaar (nee) is.

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Mev. Hendriks het bank toe gegaan. | | |
| Sy kry elke maand 'n pensioen en 'n pleegkindtoelaag. | | |
| Sy moet haar PIN vir ander mense gee. | | |
| Sy moet haar ID en bewys van vaste verblyf vir die bank gee. | | |
| Die bank sal alleenlik vir haar geld leen as sy dit kan terugbetaal. | | |






8.

## Kom ons gesels

- Hoeveel geld kom maandeliks in jou huishouding in?
- Hoe kan ons beplan om ons geld te spandeer?

## 9. Kom ons skryf

'n Begroting is 'n plan oor hoe ons ons geld kan spandeer. Vul hierdie begroting self in.



| | |
|---|---|
| INKOMSTE: Hoeveel geld ontvang jou gesin maandeliks? | R |
| UITGAWES: Hoeveel geld spandeer jy aan: | |
| Huur/verband | R |
| Skoolgeld | R |
| Klere | R |
| Vervoer | R |
| Spaarrekening | R |
| Spaar | R |
| Water en elektrisiteit | R |
| Erfbelasting | R |
| Totale maandelikse uitgawe | R |
| Hoeveel geld bly oor? | R |
| | R |

## 10. Vir die pret

fun fun fun



Skryf 'n sin oor elk van die prente.



1




2







3




4



1 ______________________________


2 ______________________________

3 ______________________________

4 ______________________________

Einde van les 5.5

# TEMA 6
## Moeder Aarde



# Voedsel en bome vir Afrika




## 1. Kom ons gesels



- Wat gebeur in die prentjie?
- Watter plante en bome kweek julle tuis?
- Waarom is dit belangrik dat elke gesin 'n groentetuin moet hê?
- Waarom verwys ons na die aarde as 'Moeder Aarde'?



## 2. Kom ons lees

Ons leef op Moeder Aarde. Ons sê 'Moeder Aarde' omdat die aarde ons voedsel verskaf om te leef. Ons benodig skoon lug en water sodat plante kan groei om kos te verskaf, soos tamaties, mielies, boontjies en vrugte. Al die mense op die aarde sal doodgaan as ons nie voedsel kan plant nie.



## 3. Kom ons skryf

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

ek kweek in my vrugte groente en tuin

________________________________________

Moeder gee Aarde aan lewe ons

________________________________________

leef lug aan benodig ons water vars en

________________________________________

4.

## Kom ons lees

### Hoe om te plant



Begin deur alle onkruid uit te haal en die area skoon te maak.

Hark die grond.




Grawe 'n gat vir die plant. Die gat moet groter as die plant wees.



Meng die kunsmis met die grond en plaas dit in die gat.



Plaas die plant in die gat en bedek die wortels met grond.



Gee die plant vroeg elke oggend water, maar moet nie te veel of te min water gee nie.



## 5. Kom ons gesels

Lees die instruksies oor hoe om te plant. Verduidelik aan jou maat hoe om die grond voor te berei.







## 6. Kom ons vind

Vul die ontbrekende woorde in die volgende sinne in. Die woorde in die raam sal jou help.

| | | | |
|---|---|---|---|
| hark | groter | smiddae | oggend |
| kunsmis | onkruid | boom | wortels |

Ons sal die ____________________ moet verwyder wanneer ons 'n stuk grond skoonmaak.

Nadat ons die onkruid uitgehaal het, moet ons die grond ____________________.

Die gat moet ____________________________ wees as die plant.


Die ______________________ moet met die grond gemeng word.

Die beste tyd on die tuin nat te maak, is in die ________________.

Die ____________________ moet met die grond bedek word en dan liggies vasgedruk word.

## 7. Kom ons lees vir die genot daarvan

### Die maroelaboom



Eendag was daar 'n man op reis. Langs die pad het hy 'n pampoenplant gesien. Hy was verbaas om so 'n klein plantjie met so 'n groot vrug te sien. "Hoekom het God so 'n klein plant so 'n groot vrug gegee?" wonder hy.

Hy skud sy kop en sit sy reis voort. Nadat hy 'n tyd lank gestap het, voel hy moeg. Hy sien 'n groot maroelaboom en gaan in die skadu daarvan lê. Terwyl hy lê, kyk hy op in die boom, en wonder hy hoekom so 'n groot boom sulke klein vrugte dra. Hy raak aan die slaap.

Terwyl hy slaap, val 'n maroelavrug op sy kop. Hy skrik wakker en besef dat God baie slim was om die maroelaboom klein vrugte te gee en die pampoenplant groot vrugte. As maroelavrugte so groot soos 'n pampoen was, sou hy ernstige beserings opgedoen het.

## 8. Kom ons skryf

Skryf 'n paragraaf oor die soort tuin wat jy graag sou wou hê. Gebuik 'n paar van die volgende woorde.

| | | | |
|---|---|---|---|
| blomme | plante | groente | vrugte |
| hark | water | vars | groente |
| verwyder | onkruid | kweek | gesonde |
| kos | kinders | help | |




9.


## Vir die pret

Baie dinge lyk anders wanneer ons dit van bo af sien. Trek strepe van die dinge wat dieselfde in albei die prente is na die woorde regs. Die eerste een is alreeds vir jou gedoen.

1



2



- hutte
- bakkie
- waterpomp
- tuin
- boom
- dammetjie
- koei
- dromme water
- heining
- dam

Einde van les 6.1


Les 6.2

# Ons omgewing

1. Lank gelede



2. Vandag





1.

## Kom ons gesels

Kyk na die prente en verduidelik hoe die plek verander het.

- Wat is na jou mening die oorsaak van die verskille tussen prent 1 en prent 2?
- Wat was beter vir mense in prent 1?
- Wat is beter vir mense in prent 2?
- Watter probleme sal die mense in prent 2 in die toekoms ervaar?

## 2. Kom ons lees

Wat is die omgewing? Dit is die lug wat ons inasem en die water wat ons drink. Dit is die plante, die diere en ander lewende dinge. Selfs nielewende dinge soos klippe en rotse maak deel van die omgewing uit. Die omgewing is alles om ons.





## 3. Kom ons skryf

Maak 'n lys van sommige van die lewende en nielewende dinge waaraan jy kan dink. Ons het met die lys begin.

| Lewende | Nielewende |
|---|---|
| plante | klippe |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |



## 4. Kom ons lees







Ons lewens vandag is nie dieselfde as dié van ons voorouers nie. Ons het die wêreld verander om ons lewens te vergemaklik. Ons woon nou in huise en nie grotte nie. Ons dra klere en gebruik voertuie en elektrisiteit. Al hierdie dinge is mensgemaak.

In die verlede het mense van die natuurlike omgewing gebruik gemaak - van natuurlike dinge soos water, diere, plante en lug.



## 5. Kom ons gesels

- Wat is mensgemaakte dinge?
- Wat is natuurlike dinge?
- Watter mensgemaakte dinge gebruik jy?
- Watter dinge uit ons natuurlike omgewing gebruik jy?











## 6. Kom ons skryf

Beantwoord die volgende vrae.

Hoe verskil die manier waarop ons vandag lewe van die manier waarop ons voorouers geleef het?

Noem vyf natuurlike items wat jy in die omgewing naby jou huis kan aantref.

Noem vyf mensgemaakte items jy in die omgewing naby jou huis kan aantref.

## 7. Kom ons skryf

Gebruik die volgende kodes om die boodskap hieronder te ontsyfer.

| A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | K | L | M |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| @ | ( | ) | & | $ | * | < | > | ^ | # | + | = | / |

| N | O | P | Q | R | S | T | U | V | W | X | Y | Z |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ? | \ | \| | [ | ] | { | } | . | ~ | ‘ | “ | : | ; |

| | |
|---|---|
| ‘ \ = + $ | WOLKE |

Kode:

\ ? { /\ $ } & ^ $ ? @ } , , ] ( $ { + $ ] /

Antwoord:

8.

## Kom ons doen

Maak 'n plakkaat om vir mense te wys hoe om vir hulle omgewing te sorg. Jou plakkaat kan oor plante, bome, diere en geboue handel. Wanneer jy klaar is, verduidelik jou plakkaat aan die klas.

9.

## Kom ons skryf

Skryf 'n sin oor die grootste omgewingsprobleem in jou area. Verduidelik dan hoe dit na jou mening opgelos kan word.




10\.

## Vir die pret

My jaarbeplanner: Vul die belangrike gebeurtenisse in wat jy vir elke maand beplan.

| | | |
|---|---|---|
| Januarie | Februarie | Maart |
| April | Mei | Junie |
| Julie | Augustus | September |
| Oktober | November | Desember |

Einde van les 6.2

Les 6.3

# Van besoedeling tot die oplossing







1.

## Kom ons gesels

Kyk na die prente en verduidelik die volgende:

- Wat is fout met die prente hierbo?
- Is daar enige besoedeling in die area waar jy woon?
- Indien wel, watter soorte besoedeling?

## 2.  Kom ons lees

Lugbesoedeling word veroorsaak deur die rook en damp van motors en fabrieke. Ons moet ook geen rommel strooi nie. Rommel besoedel die omgewing en laat die omgewing lelik lyk. Waterbesoedeling word veroorsaak wanneer mense rommel en afval in die riviere gooi.

## 3.  Kom ons skryf

Rangskik die woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

mense besoedeling veroorsaak

_______________________________________________

noodsaaklik is omgewing om te hou die dit skoon

_______________________________________________

te dit om hou omgewing is maklik die skoon

_______________________________________________

## 4.  Kom ons gesels

- Is daar lug-, water-, geraas- of grondbesoedeling waar jy woon?
- Watter plekke in jou gemeenskap het die meeste besoedeling?
- Watter soorte besoedeling is daar in jou gemeenskap?

## 5. Kom ons lees

Lees hierdie koerantartikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### Die Dagblad

"Mense wat rommel strooi, sal beboet word," sê raadslid Blake. "Die munsipaliteit mors jaarliks baie geld om die rommel op te ruim wat mense in die strate, by taxistaanplekke en by sokker- en rugbyvelde neergooi. Die strate van ons dorp is 'n gemors. Die meeste mense sal nie rommel in hulle eie huise neergooi nie, maar hulle strooi al hierdie rommel en afval in openbare plekke. Sindelikheid is 'n deug. Dit is ons almal se reg om in 'n skoon omgewing te woon. Oor die feesseisoen sal 50 besoedelingspolisiemanne en -vroue op die uitkyk wees na mense wat rommel strooi."



## 6. Kom ons skryf

Wat is die naam van die raadslid?

______________________________________________

Hoeveel besoedelingspolisiemanne en -vroue sal mense dophou vir rommel-strooiing?

______________________________________________

Wat sal gebeur met die mense wat betrap word terwyl hulle rommel strooi?

______________________________________________

Waar word die meeste besoedeling aangetref?

______________________________________________


______________________________________________

7.

## Kom ons lees

### Afval in die huis

Wanneer ons artikels meer as een keer gebruik in plaas daarvan om dit weg te gooi, noem ons dit herwinning. Kan jy dink aan drie dinge wat jy weggooi maar wat jy weer sou kon gebruik?



8.



## Kom ons gesels

- Gesels oor hoe hierdie mense huishoudelike afval hergebruik.
- Wat gebeur met blikkies en papier as dit nie herwin word nie?
- Vertel jou groep hoe julle dinge by die huis herwin.
- Kan jy dink aan enige ander produkte wat herwin kan word van rommel?

9.




## Kom ons skryf

Skryf 'n brief aan jou raadslid waarin jy kla oor die rommel in jou omgewing. Noem ook 'n paar ideas oor hoe mense hulle rommel kan herwin.

____________________

____________________

____________________

____________________

Geagte ____________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Die uwe

Naam ____________________

Handtekening ____________________






10. 


## Vir die pret

a) Voltooi die tekeninge.


b) Verbind die kolletjies om uit te vind wat die prent voorstel.



Einde van les 6.3

Les 6.4

# By ons huis





1. Kom ons gesels

- Wat sien jy in die prent?
- Is jou omgewing so skoon soos die een in die prent?
- Watter tipes omgewingsprobleme ondervind jy in jou area?




## Kom ons skryf

Kyk na die lys hieronder. Merk die tipes probleme wat jy in jou area ondervind.

Tipes probleme:

| | | | |
|---|---|---|---|
| baie rommel | ☐ | brande | ☐ |
| stilstaande water en muskiete | ☐ | geen afvalverwydering | ☐ |
| oorbevolking | ☐ | vuil riviere | ☐ |
| vuil water naby jou huis | ☐ | vlieë | ☐ |
| rook | ☐ | geen toilette | ☐ |
| geen bome | ☐ | baie geraas | ☐ |
| fabrieksdampe | ☐ | kinders wat swem in die drinkwater | ☐ |
| geen plante | ☐ | mense wat hulle was in die drinkwater | ☐ |




## Kom ons soek

Teken 'n kaart van waar jy woon. Dui die volgende op jou kaart aan:

krane | parke | dierelewe
landbou | bome | fabrieke | verkeer
water | skole | rook
baie rommel | taxistaanplekke

My omgewing

4.




## Kom ons skryf

Wat is die die toestand van die water, lug, grond, woude, dierelewe en landbou in jou area? Merk die korrekte kolom.

### Omgewingsrapport

| | Goed  | Gemiddeld  | Swak  |
|---|---|---|---|
| water | | | |
| lug | | | |
| grond | | | |
| bome | | | |
| dierelewe | | | |
| plaaslike landbou | | | |

5.



## Kom ons gesels

Watter omgewingsprobleme het jy in jou gemeenskap?
Wat kan jy doen om jou omgewing te verbeter?

6.




## Kom ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in die sinne hieronder in. Die woorde in die raam sal nuttig te pas kom.

bome, groente, rommel strooi, besoedel, riviere, leer

Ons moet nie ______________________________ nie.

Ons moet ______________________________ plant.

Ons moet ______________________________ skoonmaak.

Ons moet kinders ______________________________ van die omgewing.

## 7. Rolspel

| | |
|---|---|
| Mev. Olifant: | Ek lees ons moet meer bome plant. |
| Mnr. Olifant: | Ja, die mense gebruik soveel bome om papier en meubels te maak en vir vuurmaakdoeleindes. As ons nie oppas nie, sal daar geen bome oorbly nie. |
| Mev. Olifant: | Vir elke boom wat ons afkap, moet ons drie nuwe bome plant. |
| Mnr. Olifant: | As ons dit nie doen nie, sal ons in die toekoms nie genoeg hout hê nie. |
| Mev. Olifant: | Waar gaan ons al die bome vandaan kry om te plant? |
| Mnr. Olifant: | Sommige bome kan van 'n saadjie geplant word. Ons kan ook bome kry van die munisipaliteit, van kwekerye, en van Trees for Africa. Ons kan ook saadpakkies kry van ons gemeenskapsontwikkelingswerker. |
| Mev. Olifant: | Nou ja, waarvoor wag ons? |

## 8. Kom ons skryf

Beantwoord die volgende vrae.

Waarvoor gebruik mense bome?

___

Waar kan mense bome kry om te plant?

___

Wat sal gebeur as ons nie bome plant nie?

___

___

9\.

## Kom ons skryf

Kyk na die weerkaarte en beantwoord die vrae.

### DIE WEERKAART VIR DIE VOLGENDE 48 UUR

| SO Middag | SO Aand | SO Nag | MA Oggend | MA Middag | MA Aand | MA Nag | DI Oggend |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 29 °C | 26 °C | 26 °C | 28 °C | 29 °C | 25 °C | 20 °C | 22 °C |
| Gedeeltelik bewolk | Motreën, gedeeltelik bewolk | Motreën, meestal bewolk | Soms sonnig en soms bewolk | Enkele buie, meestal bewolk | Enkele buie, meestal bewolk | Ligte reën, meestal bewolk | Enkele buie, meestal bewolk |

Hoe gaan die weer Sondagaand lyk? ______________________________

Hoe gaan die weer Maandagmiddag lyk? ______________________________

